Publication: Weg! Platteland
Date: Sunday, March 01, 2020
Page: 17

FOTO JAC DE VILLIERS

Kobus van der Merwe

Proe die platteland

Die eetplekke wat jaar ná jaar bekroon word in die restaurantgids *EatOut* se jaarlikse kompetisie, is omtrent altyd in die Boland, Kaapstad en soms die Goudstad, maar vir *Platteland* se twee groot gunstelinge sal jy moet uitwyk platteland toe. Hoe dan anders?

Begin sommer vandag die spaarvarkie vet voer en bespreek 'n tafel by Kobus van der Merwe se internasionaal bekroonde restaurant Wolfgat op Paternoster waar jy die water en die plantegroei van die Weskus in verbluffende kombinasies op jou bord sal proe. Wolfgat is verlede jaar by die Wêreldrestauranttoekennings aangewys as Restaurant van die Jaar en pryk in die vierde plek op *EatOut* se lys.

In die negende plek is Chantel Dartnall se Restaurant Mosaic by The Orient-hotel diep in die ruigtes van die Francolin-bewarea in Elandsfontein. Hier stuur 'n mens jou tong op 'n onvergeetlike verbeeldingsvlug waar Moeder Natuur elke gereg inspireer. Maande ná ons besoek in November verlede jaar droom ons steeds oor elke gang en daardie mosbolletjievingers wat jy in 'n romerige kaassous doop…

En anders as in soveel ander toprestaurante werk albei hierdie sjefs sélf kliphard in die kombuis – en 'n mens kan dit wagtie proe. Besprekings, verkieslik aanlyn, is noodsaaklik.

KONTAK Wolfgat wolfgat.co.za
Restaurant Mosaic restaurantmosaic.com >

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.